Sondag 1 November
Skrifgedeelte: Psalm 27:1-14 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 27:4

## Bewonder die Here se oneindige grootheid

Jy het seker ook al ver gereis om die wonder-natuurskoon van die see, Augrabies-valle of die woestyn te gaan bewonder. Het jy al stil en klein geword om die skoonheid en grootheid van jou God te bewonder?

Psalm 27 speel af in 'n tyd toe Dawid se kommer en sorge geweldig groot was, toe hy waarskynlik op vlug was vir sy vyande. Daarom verwag ons dat Dawid die Here sal smeek om uitkoms in hierdie psalm, want dit is nou sy hoogste prioriteit. Tog het Dawid 'n veel hoër prioriteit wat hy wil najaag. Een ding het hy van die Here begeer: hy wil al die dae van sy lewe woon in die huis van die Here om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. Soos om met jou geliefdes in een huis saam te woon, so wil hy leef met God.

Maar die absolute HOOGTEPUNT van Dawid se begeerte: om die lieflikheid van die HERE te aanskou. Ons gaan kerk toe, ons lees ons Bybel en bid om vir onsself troos en krag te put. Maar is ons werklik met hart en siel gerig op God? Ons moet só op Hom gerig wees dat ons die lieflikheid van die Here bewonder. In sy Woord openbaar Hy Hom aan ons – sien raak hoe groot en hoe lieflik Hy is. Lieflikheid beteken verruklike prag en skoonheid van heerlikheid. Bewonder sy oneindige grootheid, liefde, almag, barmhartigheid en geduld met jou. Laat dit met verrukking jou tref hoe groot ons Here Jesus se liefde vir jou is, dat Hy in jou plek gesterf het. Hoe geweldig is die ewige volmaaktheid wat Hy vir ons berei. Hoe verruklik groot en wonderbaar is die Here! Raak stil en maak tyd om Hom te bewonder, Hy is groter as al die wonders in die natuur, want Hy het dit geskep.

*Sing: Psalm 105-1:1, 2*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*

Maandag 2 November

Skrifgedeelte: Psalm 37:1-26 (AFR83)

Fokusgedeelte: Psalm 37:4

## Vind jou vreugde in jou verhouding met die Here

Een van die mooiste en heerlikste dinge wat 'n gelowige kan doen, het ons in Psalm 27 gesien, is om die Here se grootheid te bewonder. Nog so 'n besondere hoogtepunt in die belewing van ons verhouding met die Here, is wat Psalm 37 ons leer: om jou vreugde in die Here te vind.

Psalm 37 worstel met die probleem: Hoekom gaan dit dikwels so goed met die goddelose, maar die kind van die Here ly en word deur die goddelose verdruk? Maar telkens kom die versekering dat die Here die goddelose sal uitroei. Die kind van die Here moet net op Hom bly vertrou.

In plaas daarvan om jou te kwel oor die goddelose en waarin hy sy vreugde vind – vind jou vreugde in die Here. Fokus op die hoogste, die mooiste wat daar is. Ons voorspoed is nie te vinde in aardse dinge of in wat jy by die goddelose sien nie. Ware en ewige vreugde vind jy in jou verhouding van liefde met jou Here.

Is dit vir jou lekker, 'n vreugde,om aan Hom te dink? Beleef jy 'n ongekende vreugde wanneer jy daaraan dink dat die Here jou werklik liefhet, dat jy onder sy sorg staan, dat jy Hom onvoorwaardelik kan vertrou? Wat 'n vreugde om te besef dat jy nie een oomblik alleen is nie, en dat jou Here jou deur en deur ken. Maak enigiets of iemand jou meer bly as Hy wat sy lewe vir jou kom gee het aan 'n kruis?

Dan sê vers 4 ook dat wanneer jy so jou vreugde in die Here vind, sal Hy jou gee wat jou hart begeer. Wat spoor 'n mens meer aan om dankbaar voor jou God te lewe? Wat 'n vreugde om so sy liefde in jou lewe te kan beleef! Waarin vind jy die hoogste vreugde in jou lewe?

*Sing: Psalm 37-1:2, 18, 23*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*

Dinsdag 3 November

Skrifgedeelte: Psalm 91:1-16 (AFR83)

Fokusgedeelte: Psalm 91:14

## Liefde vir God hou heerlike gevolge vir jou in

Psalm 91 is een van die mooiste Psalms. Hoekom is dit vir ons so 'n mooi psalm? Omdat die wonde van byna elke tipe nood in ons lewe in hierdie psalm soos met salf versag en gestreel en genees word.

En tog is hierdie mooi woorde van Psalm 91 nie maar sommer vir enige een waar nie. Dit is alleen waar vir elke mens wat skuiling gesoek het teen gevare, en toe skuiling gevind het by die Allerhoogste. Om skuiling te vind teen bittere koue, moet jy die warm skuiling letterlik binnegaan en daar vertoef. Om skuiling by God te vind, is om baie naby aan Hom te kom, om oorgegee aan Hom in sy hande te leef. Dit is om sy nabyheid te beleef, te geniet, en Hom voluit te vertrou. Om die Here te vertrou, is om in Hom te glo en om vaste hoop te hê. Vertroue in Hom maak die hardste hardheid soet en sag. Vertroue in hom maak dat jy in jou nood aan alle kante beskerm voel, soos vers 4 sê.

Om by die Here skuilplek te vind, kan nooit sonder liefde vir Hom nie. Dit sou wees soos om met iemand te trou en saam te lewe vir wie jy nie lief is nie. Dan beloof die Here ons in vers 14: Wanneer jy Hom liefhet, kom die klinkklare versekering dat Hy jou Redder is in enige situasie. Maar jy kan die Here ook nie liefhê as jy Hom nie ken nie. Jy sal nooit met iemand trou wat jy nie ken nie. Bly daarom groei in kennis van God, dan sal jou liefde ook groei. Dan gaan die lewe oop, en word alles mooi met God, en word Psalm 91 vir jou net nog mooier en ryker. En dit alles is alleen moontlik omdat God jou eerste liefgehad het, en Christus dit aan die kruis bewys het.

*Sing: Psalm 91-1:1, 6*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*

Woensdag 4 November
Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Johannes 3:16 (AFR2020)
Die eenmalige liefde van God

God se liefde is dikwels die eerste ding waaraan mense dink as hulle aan die evangelie dink. "God is liefde," sê ons maklik. Maar weet ons regtig wat dit beteken? Hierdie vers is waarskynlik een van die bekendste in die Bybel, maar dit word ook dikwels misverstaan.

Die Griekse werkwoord "liefhet" wat hier gebruik word, staan in die *aoristus*. Dit wys op 'n daad wat eenmalig in die verlede gebeur het. God het nie voortdurend 'n sentimentele gevoel teenoor 'n opstandige wêreld nie. Hy het die wêreld eenmalig liefgehad deur daadwerklik iets aan haar nood te doen: Hy het sy unieke Seun gegee; nie net in die krip nie, maar aan die kruis.

Die woord "wêreld" verwys nie na 'n onskuldige massa mense nie, maar na 'n mensdom in rebellie teen God. En tog, juis hierdie wêreld het Hy gesien in haar nood, en Hy het opgetree. Dié liefde is nie romanties of kameraadskaplik nie. Dit is *agape*; 'n liefde van wil, van opoffering, van genade.

Dié liefde word nie aan almal outomaties uitgedeel nie. Johannes 3:16 sê duidelik dat die ewige lewe behoort aan dié wat in Jesus glo. Geloof is nie 'n eenmalige besluit nie; dit is 'n volgehoue vertroue, 'n lewe wat voortdurend onder die heerskappy van Christus gestel word.

Om nie te glo nie, beteken om verlore te gaan; nie om op te hou bestaan nie, maar om totaal verwoes te wees, onbruikbaar vir God se doel. Wie egter in Jesus glo, het die ewige lewe, reeds nou. 'n Lewe wat sinvol is, bruikbaar vir God se eer, en wat nooit eindig nie.

*Sing: Skrifberyming 61/1-3:1*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)*

Donderdag 5 November
Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21 (AFR1983)
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:14-15 (AFR1983)

## Christus se liefde dryf ons aan

Wanneer ons praat oor iets wat ons "dring", dink ons aan iets wat ons innerlik beweeg, iets wat ons nie kan ignoreer nie. Die liefde van Christus is nie net 'n teologiese waarheid nie; dit is 'n werklikheid wat ons harte aangryp en ons lewens rig.

Dit is presies wat Paulus bedoel wanneer hy skryf: *"Die liefde van Christus dring ons"* (2 Kor. 5:14a). Hy het hierdie liefde op dramatiese wyse leer ken; van 'n vervolger van Christus se kerk tot 'n apostel wat Hom met sy hele wese dien. Wat het die verskil gemaak? Hy het besef: Christus het in sy plek gesterf. Die vloek en toorn wat Paulus verdien het, het Jesus in liefde op Homself geneem.

Hierdie liefde is nie verdien nie, dit is genade. God het self sy Seun as Borg gestuur om in ons plek te sterf, omdat ons self nie die regverdige eis van God kon nakom nie. Christus se offer was volkome genoegsaam vir die versoening van die hele wêreld se sondes, maar dit word net deur geloof ontvang. Daarom moet die evangelie verkondig word; dringend en sonder talm, aan alle mense, met die oproep tot bekering en geloof.

Wanneer Christus se liefde ons hart en verstand tref, dan sien ons onsself, ons lewe, ons drome en planne in 'n nuwe lig. Dan is dit nie meer ons eie belange wat ons dryf nie, maar die liefde wat vir ons aan die kruis bewys is. Ons lewe nie meer vir onsself nie, sê Paulus, maar vir Hom wat vir ons gesterf en opgestaan het.

Hierdie "vir Hom leef" is nie beperk tot Sondae of kerkaktiwiteite nie. Dit beteken dat elke aspek van my en jou lewe: werk, gesin, besluite, geld, tyd, vriendskappe; alles behoort nou aan Christus. Jou hele lewe word 'n lewende dankoffer (Rom. 12:1), omdat jy besef: Ek het nie myself gered nie. Ek is gekoop teen 'n duur prys, die bloed van Jesus.

Daar is geen groter krag in hierdie wêreld as die liefde van Christus nie. Wanneer dit jou hart en lewe in besit neem, kan jy nie anders nie as om anders te leef. Laat sy liefde jou vandag weer nuut dring; nie uit plig nie, maar uit dankbaarheid en verwondering.

*Sing: Skrifberyming 33/2-4:1, 3*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)*

Vrydag 6 November
Skrifgedeelte: Psalm 103:1-22
Fokusgedeelte: Psalm 103:13 (AFR83)

Omdat die Here se verbondsliefde onverganklik is, ontferm Hy Hom oor sy kinders wat Hom dien

Dawid loof die Here omdat Hy die Verbondsgod se onverganklike liefde in sy lewe leer ken het. Dis onverganklik, want dit hou nie op nie. In Jesus Christus het ons dit leer ken toe God sy Seun laat sterf het, sodat ons die ewige lewe kan ontvang (Joh. 3:16). Groter liefde as dit is daar nie. Dawid sê dat hierdie liefde van God maak dat Hy sonde vergewe en siekte genees en jou van die graf red en jou die goeie in oorvloed gee.

Ons het in Christus gesien hoe die Here in sy ontferming ons sonde nie bly toereken nie en ons nie vergeld vir ons ongeregtighede nie. Dawid sê: "*Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien.*" Dawid gebruik die beeld van 'n aardse vader wat hom in liefde oor sy kinders ontferm deur na hulle om te sien en te versorg, om die ontferming van ons Hemelse Vader oor sy verbondskinders mee aan te dui. As 'n aardse vader dit in gebrokenheid doen uit liefde vir sy kinders, hoeveel te meer is die ontferming wat ons van ons Hemelse Vader ontvang.

God se ontferming is alleen oor diegene wat Hom dien. As ons die Here halfhartig dien, beteken dit dat die Here Hom dan nie oor ons ontferm nie? Nee, die Here se ontferming is wonderbaarlik. Al is ons van nature sondig, het Hy van ons nuwe mense kom maak deur Christus se versoening en die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees maak dat ons daarna streef om die Here in getrouheid te wil dien uit dankbaarheid vir sy verlossing. Dis juis deur die Gees dat ons God se vaderlike ontferming in ons lewe ervaar as Hy die daaglikse bekering in ons harte wek.

Wat 'n troos dat jy as Verbondskind kan weet dat jy 'n Vader het wat Hom oor jou in liefde ontferm, omdat jy in Christus sy kind is!

*Sing: Psalm 86-1:1, 3*
*Ds. MAF (Andries) Kruger (Emeritus)*

Saterdag 7 November
Skrifgedeelte: Joël 2:12-17
Fokusgedeelte: Joël 2:12, 13 (AFR83)
Die Verbondsgod roep sy volk op tot hartgrondige bekering

Hoofstuk 2:1-11 beskryf die verskriklike dag van die Here in die vorm van 'n sprinkaanplaag waarmee die Here sy volk tref. Dit wil blyk dat daar vir die volk van God geen hoop meer is nie. Maar ons fokusgedeelte wys daar is nog hoop. As die volk hulle van harte bekeer, dan is daar hoop dat Hy die straf sal herroep. Die Here doen dit alleen omdat Hy ook 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en vol liefde.

Die oproep tot die volk dat hulle met hulle hele hart hulle moet bekeer, beteken dat dit nie net uiterlike vertoon moet wees nie, maar 'n heelhartige en hartgrondige bekering. Tog moet die innerlike bekering ook in hulle uiterlike dade sigbaar wees. Daarom roep die Here hulle op om te vas en te huil en te treur. Die hele verbondsvolk moet dit doen. Selfs die kinders en suigelinge en pasgetroudes moet deel van die bekeringsaksie wees. Die Here verwag dit van sy ganse verbondsvolk.

As die Here egter die straf herroep, dan doen Hy dit nie omdat die verbondsvolk hulle bekeer nie, maar Hy doen dit omdat Hy 'n genadige en barmhartige God is wat lankmoedig en vol liefde is. In Jesus Christus het ons die Here se groot liefde vir ons raakgesien. Sonder dat ons dit verdien het Jesus die dag van die Here se toorn beleef daar aan die kruis, sodat God ook bereid was om ons straf te herroep. Juis omdat Hy barmhartig en genadig, lankmoedig en vol liefde vir ons is, stel Hy ons ook in staat deur die werking van die Heilige Gees dat ons met ons hele hart ons tot Hom kan bekeer. Die Gees spoor ons aan dat ons ook nou uit dankbaarheid vir God se genade ons daagliks van harte tot Hom wil bekeer.

Dink net hoe bevoorreg jy is dat Christus jou deel van God se verbondsvolk gemaak het. Bewys dankbaarheid aan Hom deur daagliks terug te keer na Hom deur jou hartgrondig te bekeer.

*Sing: Skrifberyming 2-4:3*

*Ds. MAF (Andries) Kruger (Emeritus)*

Sondag 8 November
Skrifgedeelte: Psalm 40
Fokusgedeelte: Psalm 40:7

## Uitkoms uit die doodloopstraat

"Put van ... slymerige modder", noem ons Skrifgedeelte (vs 3) dié toestand: wanneer "ramp op ramp" my oorval en ek sug my probleme "is meer as die hare op my kop" (vs 13). Sulke omstandighede word nog moeilik om te hanteer as ek soos Dawid met eerlikheid insien dat baie van my probleme my eie skuld is (vs 13).

Wat doen 'n mens in sulke omstandighede? Die Heilige Gees gee in Psalm 40 twee antwoorde: Eerstens moet jy nie ophou om na God te vlug nie. Lees weer in vers 12, 14 en 18 hoe Dawid by God pleit en smeek. Soos Dawid het ook jy 'n geskiedenis van redding. God het al in die verlede gered – sal Hy nou ophou om aan jou te dink (vs 6)? "Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel" (vs 5). Bly dus biddend voor God.

Tweedens is dit belangrik dat jy sal verstaan wat God van jou wil hê. God wil hê dat jy Hom gehoorsaam (vs 7). Gehoorsaamheid is vir God belangriker as allerhande soorte offers. Al sien jy nie die langtermynoplossing vir jou probleme nie, kan jy begin deur jou af te vra: Hoe, en in wat, kan ek God nou, op hierdie oomblik, gehoorsaam?

Dis baie troosvol om te weet dat die Nuwe Testament hierdie Psalm op Jesus Christus betrek. Christus het deur sy offer aan die kruis die wet vir ons vervul (Heb. 10:5-10). My en jou gehoorsaamheid is dus nie iets waardeur ons onsself red nie. Nee, ons gehoorsaamheid is 'n dankbare vasgryp aan Jesus se volmaakte gehoorsaamheid in ons plek. Op grond van Christus se verdienste wil God ons sekerlik verhoor. Deur Hom word 'n nuwe lied in ons mond gelê (vs 4) en kan ons met blydskap getuig (vs 10): "Die Here het my verlos!"

*Sing: Psalm 40-1:1, 8*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*

Maandag 9 November
Skrifgedeelte: Psalm 111 en 112
Fokusgedeelte: Psalm 112:5
Leef vandag as beeld van God

Wanneer ons deur Psalm 111 en Psalm 112 lees val iets ons op. Psalm 111 gaan veral oor God en sy groot dade en Psalm 112 gaan veral oor die mens in diens van God. In Psalm 111 sien ons wie God is. Kom ons dink bietjie saam oor Hom. God is volmaak in alles wat Hy doen – so anders as ons sondaarmense. Hy is genadig en barmhartig. In sy genade skenk Hy elke dag soveel dinge aan ons, al verdien ons dit nie. Hy verlos ons uit genade van al ons sondes; Hy spreek ons uit genade vry van ons sondeskuld – deur die geloof in Jesus Christus. Hy is met `n hart vol ontferming barmhartig oor mense in nood. Hy help, versorg en vertroos ons daagliks. Hy is getrou, altyd getrou aan sy beloftes en sy verbond. Soos Hy belowe het, het Hy die Christus, Verlosser van sondaars, na `n verlore wêreld gestuur. God is in al sy optrede reg. So is God.

Nou gebeur die opvallende: In Psalm 112 word baie dinge van die kind van God genoem wat in Psalm 111 van die Here gesê word. Vers 3: "Wat Hy doen, is reg." Vers 4: "... hy is genadig, barmhartig en regverdig." vers 5: "Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree." Inderdaad – God se kind vertoon sy beeld.

Kom ons lê ons elkeen vandag opnuut daarop toe. Tree reg en regverdig op in jou verhouding met ander mense. Vra na die regte daad, die regte woord in God se oë en doen en sê dit. Wees verder genadig teenoor diegene wat teenoor jou verkeerd opgetree het of vandag verkeerd gaan optree. Vergewe hulle soos jou hemelse Vader jou vergewe het sonder dat jy dit verdien. Wees opnuut vol ontferming teenoor ander wat in nood is. Kyk met nuwe oë na die boemelaar, die honger kind op straat en luister met ore vol ontferming na die nood van mense wat saam met jou werk. Leef vandag voluit as beeld van God.

*Sing: Skrifberyming 50:7*

*Ds. L du P (Wicus)van der Vyver (Silverton)*

Dinsdag 10 November
Skrifgedeelte: Psalm 44 (AFR53)
Fokusgedeelte: Psalm 44:23
Slaap God?

Die God van die verlede – Hy wat nasies verdryf en sy volk geplant het, wat die oorwinning gegee het deur sy regterhand en arm en aangesig, wat 'n welbehae gehad het in sy volk, en hulle Koning was, het Hy dan verander? Dis tog Hy wat ons tans verstoot en tot skande maak, wat ons laat wyk voor ons vyand en ons oorgee aan plundering, wat ons maak soos slagvee en ons verstrooi oor die nasies, wat ons verkoop vir 'n appel en 'n ei en ons die smaad maak van ons bure. En as dit was vanweë my verbondsverbreking en omdat ek Hom verlaat het, sal ek dit kon begryp. As ek agter vreemde gode aangeloop het, sou dit sy regverdige oordeel wees, maar ek bly aan Hom getrou. Waarom dan die ellende? Waarom sien Hy my nie aan nie? Waarom hoor Hy nie my geroep nie?

Dikwels is daar op hierdie geloofsworsteling geen antwoord nie. Lyding dring ons egter om in gebed na God se aangesig te soek. Jy bid sonder woede of bitterheid of verwyt, dat Hy vir jou sal opstaan. Jy weet Hy slaap nie, maar jy smag na sy optrede. Jy werp jouself daarom voor Hom neer met die wete dat daar in jouself geen krag is om op te staan nie.

En dan hoor jy tog die genade: "Om u ontwil word ons die hele dag gedood; ons word gereken as slagskape." Dis lyding saam met Christus, sodat ons saam met Hom verheerlik kan word (Rom. 8:17). Hierdie band wat die Gees tussen Hom en ons smee, waarborg dat niks ons van God se liefde sal kan skei nie. Dit lyk net asof Hy slaap en sy kinders vergeet. Hy bly die Koning wat vir ons stry, en in Hom is ons meer as oorwinnaars.

*Sing: Psalm 73-1:10, 11, 12*
*Ds. BC (Ben) Smit (Emeritus)*

Woensdag 11 November
Skrifgedeelte: Psalm 115
Fokusgedeelte: Psalm 115:1 (AFR83)
Aan die Here kom die eer toe, want dit is Hy wat liefde en trou bewys!

In die tyd van die Ou Testament het die volke rondom Israel verskillende afgode aanbid. Hulle het beelde van die afgode gemaak en tempels vir hulle gebou. Maar met Israel was dit anders. God woon nie in 'n tempel nie, en hy kan op geen manier deur 'n beeld afgebeeld word nie (vgl. Eks. 20:4-6).

As gevolg hiervan het die heidene baie keer gevra (veral as die Israeliete swaar gekry het): "Waar is hulle God nou?" Dan kom die antwoord hard en duidelik: "Hy is in die hemel!" God is in die hemel omdat Hy baie groter is as sy hele skepping en omdat Hy oor alles regeer. Hy is nie vasgevang in 'n tempel of binne 'n sekere stad of land nie. Hy is almagtig en alomteenwoordig. Hy is ook soewerein soos wat ons in vers 3 lees: *"Alles wat Hy wil, doen Hy."* Met ander woorde, God kan enigiets doen en Hy het nie nodig om dit aan iemand te verduidelik nie.

Vandag aanbid mense nog steeds afgode. Mense maak afgode van geld, besittings, werk, prestasies, sport of ontspanning. Net soos beelde, kan hierdie afgode nie praat, sien, ruik, voel of loop nie. Hulle kan jou nie help en beskerm nie, en hulle kan nie aan jou liefde en trou bewys nie.

Soos Israel van ouds moet gelowiges vandag ook anders lyk as die wêreld om hulle. In plaas daarvan om navolgers van die mode en kultuur van die dag te wees, moet ons navolgers van Christus wees. Omdat die kinders van die Here 'n nuwe lewe in Christus gekry het, gee Paulus in Efesiërs 5:1 dié opdrag (AFR53): *"Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders ..."*

Daarom: Dien God vandag! Gee aan Hom eer, want dit is Hy wat ons red. Dit is Hy wat aan ons liefde en trou bewys sodat ons soos nuwe mense kan leef.

*Sing: Psalm 89-1:3, 6*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*

Donderdag 12 November
Skrifgedeelte: Psalm 62
Fokusgedeelte: Psalm 62:9 (AFR2020)
Stort jou hart voor God uit en vertrou op Hom!

Ons lê baie klem op die belangrikheid van kennis van God en sy Woord. Tog gaan ons geloof in God ook met emosie gepaard. Ons moet versigtig wees om nie soveel klem op die verstand te plaas dat ons van die hart vergeet nie.

Emosies is nie sondig nie, emosies was deel van die tuin van Eden en dit sal ook deel wees van die nuwe Jerusalem. Tog is daar nou sonde in ons emosies. Ons het die verkeerde emosie op die verkeerde tyd, ons heg te veel waarde aan emosies of ons onderdruk ons emosies.

Dit is duidelik uit vers 9 dat God nie wil hê dat ons ons emosies moet onderdruk nie. Hy gee ons die opdrag om dit uit te stort voor Hom. Ons leer dus vandag dat ons emosies belangrik is, maar dat ons dit reg moet hanteer. Gaan daarmee na God toe! Bid daaroor, want Hy belowe troos en vrede.

Net by God is daar rus, standvastigheid en veiligheid (vs 6). Ons lees die woorde "net God" of "God alleen" meer as een keer in hierdie Psalm. Vertrou dus op God alleen, want Hy alleen kan vir jou die perspektief gee om reg op jou emosies te reageer.

Jesus Christus het emosie ervaar en elke keer reg daarop gereageer. Hy het geweet wanneer om hartseer, bly en kwaad te wees. Hy het ook geweet hoe om dit te hanteer sodat Hy ons kan red. Na sy hemelvaart het Hy vir ons die Heilige Gees gegee. Hy lei ons en leer ons om ons emosies te beheer en reg te hanteer. Hy leer ons om ons emosies reg in te span vir 'n heilige lewe. In God se Woord leer ons wanneer ons kwaad mag wees, wanneer ons moet huil van skaamte oor ons sondes en wanneer ons moet jubel met blydskap oor ons verlossing.

*Sing: Psalm 42-1:1, 3*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*

Vrydag 13 November
Skrifgedeelte: Psalm 30
Fokus: Psalm 30:6 (AFR2020)
God se liefde en trou verander trane in jubelkrete

Trane en vreugde: dit is emosionele reaksies wat ons baie goed ken. Elke mens het al gehuil en gelag. Elke mens het al swaargekry en elke mens het al uitgeroep van blydskap.

Ons kan daarom sê dat die tweede deel van vers 6 soos 'n spreuk is: *In die aand word daar aanhoudend gehuil, maar teen die oggend is daar jubelkrete*. Dit is 'n stelling wat waar is vir Dawid se lewe en vir elke gelowige se lewe. Jesus verwys ook daarna in Johannes 16.

Hoe werk dit in 'n gelowige se lewe? Waar kom hierdie trane en jubelkrete vandaan en hoe moet ons dit hanteer?

Kom ons kyk eers na die hartseer. Wat veroorsaak vir ons pyn en trane? Die bron van alle hartseer is die sonde. Soms is dit bloot die teenwoordigheid van sonde in die wêreld en soms is dit die direkte gevolg van 'n sonde wat ons self gedoen het. Dan moet ons die sonde bely en om vergifnis vra. In die eerste plek by God, maar ook by die mense teenoor wie ons oortree het.

Die bron van vreugde daarenteen is God. Die enigste manier waarop ons ware vreugde kan ervaar, is deur God se verlossing. In sy liefde en trou het God Jesus Christus gestuur om ons van die sonde te red. Die bron van vreugde is dus God, en Hy wat ons deur Jesus red. Ons kry deel aan hierdie redding en blydskap deur die geloof wat die Heilige Gees aan ons gee.

Ons moet ook onderskei tussen aardse geluk en ware vreugde. Aardse geluk is tydelik. Dis soos 'n roomys op 'n warm dag. Dit smaak baie lekker, maar dit smelt vinnig weg. Ware vreugde is deel van die vrug van die Gees. Dit is 'n ewige vreugde wat teenwoordig is op aarde, selfs in tye van swaarkry.

*Sing: Psalm 107-1:1, 3*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*

Saterdag 14 November
Skrifgedeelte: Psalm 33
Fokusgedeelte: Psalm 33:4-5 (AFR33/53)
Sing van blydskap oor die goedertierenheid van God!

Hoeveel keer in jou lewe was jy al teleurgestel deur mense? Hoeveel keer het jy al ander mense teleurgestel? Hierdie teleurstellings is wat afbreuk doen aan die verhoudings wat mens met ander mense het. Dit is die sonde wat verhoed dat ons doen wat ons belowe of ooreengekom het.

Maar God openbaar aan ons hier deur die psalmdigter dat God nie soos die mens is nie. Al is die mens ontrou, bly God getrou. Vers 5 noem die aarde is vol van sy "troue liefde" (AFR83) of anders vertaal, "goedertierenheid" (AFR33/53). Die woord verwys na die verbondsliefde wat God het met sy verbondsvolk. Hy het as God belowe om getrou te wees teenoor hulle as hulle God. En God is geen leuenaar of teleurstelling nie. Hy is heilig en geen sonde of gebrokenheid is in Hom te vind nie. In die hele skepping kan ons as gelowiges gaan kyk en sien hoe God alles "reg/doelgerig" geskape het. Alles werk saam om op Hom staat te maak. Om op Hom as die Skepper te vertrou en van Hom afhanklik te wees. Hy het deur sy Woord alles geskep.

As Skepper los Hy nie ons as sy skepping alleen nie. Hy het sy troue liefde teenoor ons die duidelikste gewys deur sy Woord, deur Jesus Christus (Joh. 1). Hy het sy Seun deur Wie Hy alles geskep het, aarde toe gestuur om ons die grootste genade/troue liefde/goedertierenheid te wys. Ons kan verseker wees as gelowiges dat Hy getrou aan die verbond en sy Woord is, sy beloftes wat Hy aan ons gemaak het. Hy het ons gered van ons sondeskuld en straf, sodat ons in herstelde verhouding met Hom kan leef. Ons kan op Hom vertrou, in Hom glo.

Die Here sal ons nooit teleurstel nie. Hy het reg en geregtigheid lief. Hy lieg nie. Sy Woord is wet en het jou gered. Sing van blydskap oor die troue liefde van God.

*Sing: Psalm 33-1:1-2, 5*
*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*

Sondag 15 November
Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:8 (AFR83)
Die Here is barmhartig en genadig met jou as sondaar!

Barmhartigheid word deur God aan ons as mens gewys, deur Jesus Christus. Want die Here het gesien ons is in nood en dat ons onsself nie kan red van ons sonde en die ewige dood nie. Daar is niks wat die mens kan doen om God se barmhartigheid en genade te verdien nie. Dit is alleenlik deur God se besluit, inisiatief en sy intreding dat ons barmhartigheid en genade ontvang.

Jesus Christus het vir ons as sondaarmens die teenoorgestelde gegee as wat ons verdien. Ons het die ewige straf en dood verdien op ons sonde, maar in en deur Jesus Christus het ons die ewige lewe en herstelde verhouding met God ontvang. Nie op grond van wie ons is of wat ons gedoen het nie, maar op grond van Jesus Christus se soenverdienste. Efesiërs 2:8 stel dit so mooi: *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God"* (AFR83).

God het dit aan ons geskenk uit loutere genade. Dit is alleen oor wat Jesus Christus vir ons gedoen het aan die kruis dat God teenoor ons lankmoedig is. Nie ons straf tot ons dood toe vir ons sondes nie. Want: *"So ver as die ooste is van die weste, so ver verwyder Hy ons sondes van ons af"* (Ps. 103:12). En dit is alleen deur ons Here Jesus Christus dat ons hierdie liefde van die Here elke dag beleef. Nou sien God ons nie meer as sondaars en strafwaardig nie. Hy sien ons en is lief vir ons as sy kinders.

Ons kan die Here loof en dank vir sy barmhartigheid en genade. Ons kan die Here in ons lewe elke dag loof en geeneen van sy weldade vergeet nie (vs 2). Hy het ons gemaak wie ons nou is: sy kinders vir wie Hy deur Jesus Christus lief is. Loof en dank Hom daarvoor!

*Sing: Psalm 103-1:1, 2*
*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*

Maandag 16 November
Skrifgedeelte: Psalm 42
Fokusgedeelte: Psalm 42:9 (AFR53)
Bid tot jou goedertieren Vader!

Hopeloos, moedeloos en oorlaai gaan ons tree vir tree na die einde van die jaar. Soveel omstandighede wat ons oorlaai, oorweldig en depressief maak. As dit nie in mens se eie gemoed so is nie, beleef mens dit in ander mense se gesprekke oor hulle gemoedere. Hierin sien ons hoe ons self of ander mense so met hulleself worstel oor die pad vorentoe en oor wat in die afgelope jaar in hulle lewe gebeur het dat daar niks positief is nie.

So beleef die psalmdigter dit wanneer alles in sy lewe net te veel raak. Soveel so dat hy elke dag sy trane moet sluk (vs 4) en beleef hoe sy siel wil ingee (vs 6, 12). 'n Diepe worsteling. Tog is die Here, die God wat 'n verbond met sy volk gesluit het, die Een in Wie hoop, sekerheid oor die toekoms gevind word. By Wie krag en wysheid gevind kan word. Waarom die skrywer vir homself sê: *"Hoop op God!"* (vs 6)? Ons sekerheid is nie in onsself nie, maar in die Here.

As ons oë gerig is nie op onsself nie, maar op die Here, word ons weer innerlik sterk gemaak. Ons word innerlik sterk gemaak as gelowiges deur die Heilige Gees. Want ons nader as gelowiges tot die Here in gebed en vertroue. Hy luister na ons gebede. Hy ken ons hart en omstandighede. Al verander ons omstandighede in voorspoed of teëspoed, verander God nie. Hy bly altyd die God wat belowe het dat Hy ons God en Vader sal wees. Dat ons sy kinders is na wie Hy omsien. Dat Hy ons sal versorg na liggaam en siel.

Al moet ons 'n kort tydjie ly, weet ons watter ewige heerlikheid vir ons in die hemel voorlê. Want Jesus Christus is die waarborg/hoop/sekerheid van ons verlossing van sonde en die versugtinge van die wêreld (Rom. 8). Die Een deur Wie ons die goedertierenheid, genade van God ontvang. Die Een wat altyd met en by ons is in voorspoed en teëspoed. Ons Emmanuel – God met ons. Die Een deur Wie ons God nader in gebed.

Moenie worstel in jouself, met jouself nie. Bid tot die Here. Stort jou hart en worstelinge uit by Hom. Stort jou trane uit by Hom (Matt. 11:28-30).

*Sing: Psalm 42:1, 2*

*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*

Dinsdag 17 November
Skrifgedeelte: Psalm 63
Fokusgedeelte: Psalm 63:4-8 (AFR53)

## Laat ons jubel … selfs in die nag

In Psalm 63 ontmoet ons 'n siel wat diep dors is – nie net na rus of beskerming nie, maar in besonder dors na God self.

Wanneer Dawid hierdie Psalm skryf, bevind hy homself in die dorre woestyn van Juda, afgesonder van die tempel, van die gemeenskap van gelowiges, en hy word bedreig deur sy vyande. Maar selfs in daardie omstandighede verklaar hy iets merkwaardigs:

"*U troue liefde is meer werd as die lewe*" (Ps. 63: 4). In die donker nag van verlange ontdek hy iets wat selfs die lewe self oortref – die teenwoordigheid van God.

Ten spyte van uiterlike ontbering, ervaar Dawid 'n innerlike oorvloed. Hy sê in vers 6:

"*Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe* …" (Ps. 63:6, AFR53). Hierdie beskrywing laat mens dink aan 'n feesmaal en oorwinning. En hierdie vreugde word nie stil gehou nie, dit borrel oor in lofliedere, selfs in die nag. Wanneer stilte heers en vrees dikwels die hardste fluister, is sy gedagtes gevul met God – nie met angs nie, maar met rus. Anders as Dawid, weet ons wat dit vir God gekos het om ons in hierdie rus te kan laat leef. Jesus self het die dor woestyn van verlatenheid betree, en aan die kruis uitgeroep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Hy het dit gedoen sodat ons nooit weer van God se liefde geskei hoef te wees nie. Sy offer het die pad oopgemaak na God se troue verbondsliefde – 'n liefde wat werklik meer werd is as die lewe self.

In Christus word ons diepste dors geles. Selfs in die donker nag van vrees en onsekerheid mag ons rus in die wete dat Hy ons vashou. In daardie rus ontdek ons 'n vreugde wat nie afhanklik is van omstandighede nie, maar van die God wat naby is. Laat ons dan jubel … selfs in die nag.

*Sing: Psalm 42-1:1, 3*

*Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*

Woensdag 18 November
Skrifgedeelte: Psalm 57
Fokusgedeelte: Psalm 57:11, 12 (AFR83)
Jesus Christus is die ware Gesalfde

Psalm 57 is gebore in een van die donkerste oomblikke van Dawid se lewe – 'n tyd van werklike doodsgevaar. Die tyd toe hy weggekruip het in 'n koue, klam grot omdat koning Saul hom wou doodmaak.

Dit was in daardie benoudheid wat Dawid tot God geroep het, nie net vir beskerming nie, maar vir iets groter: dat God se Naam verheerlik sal word. In vers 12 sê Dawid: *"Toon u grootheid, o God, hoog bo die hemel, hoog bo die aarde u mag."* Uit die plek van angs word 'n lied van vertroue gebore.

Wat Dawid in hierdie benoudheid gedra het, was sy geloof in wie God is – die Allerhoogste wat oor alles troon, maar ook naby genoeg is om te red. Hy vind skuiling onder God se "vlerke" – 'n beeld wat herinner aan die gerubs oor die verbondsark, die simbool van God se teenwoordigheid en beskerming.

Maar die ware glans van hierdie psalm straal in die lig van Jesus Christus. Hy is die ware Gesalfde wat in ons plek bedreiging, pyn en dood in die oë gestaar het. Sy kruis het vir ons 'n grot van skuiling geword – nie vir Homself nie, maar vir ons. Daar het Hy die volle krag van sonde, haat en dood op Homself geneem. En toe Hy op die derde dag opgestaan het, het God Hom werklik "bo die hemele verhef" – presies soos vers 12 dit uitroep.

In Christus word Psalm 57 vir elkeen van ons 'n lied van troos. Ja, ons leef in 'n wêreld vol dreigemente – siekte, leuens, vervolging en vrees. Maar in Jesus skuil ons onder die vleuels van die Allerhoogste. Sy liefde en trou reik tot in die hemel – en daardie liefde leef nou in ons deur sy Gees.

Laat ons dan, saam met Dawid, sing – selfs in die nag van bedreiging – want ons God leef, Hy red, en Hy is groot.

*Sing: Psalm 91-2:1, 2*

*Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*

Donderdag 19 November
Skrifgedeelte: Psalm 94
Fokusgedeelte: Psalm 94:16-19 (AFR2020)

## Gryp vas aan Jesus Christus!

Ons swáárste swaarkry hier op aarde is nie as gevolg van dinge wat net aards en tydelik is nie (Rom. 8:18, 31-39). Want ons stryd is nie teen vlees en bloed nie (Ef. 6:12).

Dit word deur die psalmdigter na vore gebring in Psalm 94. Die duiwel sit agter alle pogings om die werk van God, ook in ons as God se kinders, te probeer vernietig. Die impak hiervan op ons is baie groot – ons word moedeloos, teneergedruk, swaarmoedig ... Ons struikel en val immers so dikwels!

En dan vra ons ook: Wie sal vir my opstaan? Wie sal vir my in die bres tree? Hierdie vrae bring twee werklikhede na vore, naamlik:

- Ek is van nature geensins by vermoë om myself te help nie, en
- ek het Iemand nodig, absoluut nodig!

En dan onthou ek twee baie belangrike waarhede van die evangelie:

- Die Here Jesus Christus is by my, soos Hy trouens belowe het, al my dae ... Hy is my Hulp, Hy is die Een wat aan God se troue liefde (goedertierenheid) gestalte en vervulling gegee het toe Hy onder die grootste swaarbry wat 'n mens ooit kon verduur, die toorn van God oor sonde en ongeregtigheid, vir en namens my gedra het.
- En verder, Hy het sy Gees ook vir my uitgestort as my Trooster om my op te beur in my geloofsvertroue en geloofsekerheid, elke dag van my aardse lewe.

Wanneer my voet wil swik, wanneer ontstellende gedagtes my in my binneste wil onderkry, gryp ek telkens was aan my Here, Jesus Christus, en laat ek my lei deur sy Gees en Woord! Ek volhard in Bybellees en gebed, want dit is die manier waarop die liefde en trou van die Here vir my 'n daaglikse hulp en werklikheid is, selfs in die moeilikste, en dalk menslik gesproke onmoontlikste, omstandighede.

En ek verlang na die vervulling van die laaste belofte in die Bybel: *"Ja, Ek kom gou!"* (Op. 22: 20).

*Sing: Skrifberyming 43:5*

*Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)*

Vrydag 20 November
Skrifgedeelte: Psalm 31
Fokusgedeelte: Psalm 31:8, 17, 22

## Verbly jou in die Here!

Waar Psalm 94, waarna ons gister gekyk het, die direkte gevolg van die Here se troue liefde vir ons na vore bring, naamlik dat mens se emosionele ingesteldheid onmiddellik verander, wanneer jy besef dat Jesus en die Heilige Gees mét jou is, bring Psalm 31 jou lewenshouding- of lewensingesteldheid in fokus. Psalm 31 skets ook die natuurlike, lewenswerklike omstandighede waarin die gelowige dikwels vasgevang voel.

Die troue liefde (goedertierenheid) van die Here gee egter vir ons die geloofswerklikheid dat dit wat jy met natuurlike oë sien, regtig nie jou lewensingesteldheid mag negatief maak nie. Inteendeel! Selfs te midde van aanvegtinge, beproewinge, worstelinge, kan jy juig en vol vreugde wees. (Filip. 4:4-7) Die Here sien jou immers altyd raak! Hy is altyd bewus van wat jy in hierdie wêreld moet deurmaak. Hy vergeet jou nooit! Hy gee jou nooit aan jouself, of selfs aan die duiwel oor nie!

Verder, Hy verseker jou dat daar juis deur sy troue liefde in Christus vir jou verlossing gekom het. Verlossing uit veel meer as net tydelike en verganklike swaarkry. Verlossing van sonde en die ewige dood! Juis as Verlosser is Jesus altyd by jou, leef jy in sy voortdurende teenwoordigheid!

En nog verder: Hierdie verlossingsvreugde, waarvan jou hart nou vol is, kan jy nie oor stilbly nie. 'n Vreugdevolle gelowige is 'n prysende gelowige! 'n Vreugdevolle gelowige maak die Naam van die Here groot. Nie net in jou binnekamer, of waar jy hierdie vreugde met medegelowiges deel nie, maar ook midde-in die lewenswerklikheid waarin jy staan. Ja, selfs teenoor vriend en vyand! Jou lewenswerklikheid is immers Christus! Alles waarmee ek besig is, moet tog tot sy eer gedoen word!

Dink aan die aangrypende lofsange van Paulus en Silas, daar in Filippi se tronk, om middernag (Hand. 16:16 vv). Verbly jou in die Here! Altyd!

*Sing: Psalm 124:1, 3, 4*

*Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)*

Saterdag 21 November
Skrifgedeelte: Psalm 8
Fokusgedeelte: Psalm 8:5 (AFR33/53)
Wat is die mens?

Die hele skepping getuig hard en duidelik dat die Almagtige Here bestaan. Van die grootste ster waarna jy met 'n teleskoop kyk omdat hy so ver van die aarde af is, tot die kleinste organisme waarna jy met 'n mikroskoop kyk omdat hy so klein is, elke deel van die skepping verkondig die Here se heerlike Naam.

As mens na die skepping kyk en besef hoe alles kunstig aanmekaar geweef is, raak mens stil. Raak jy oorweldig deur die besef dat die Here gekies het om aan die mens 'n besondere plek in die skepping te gee. Dat die Here gekies het om 'n verhouding met die mens te hê. Dat Hy na die mens toe gekom het, selfs nadat die mens sy rug op Hom gedraai het. Dat Hy sy Seun gestuur het om sy verhouding met die mens vir ewig vas te maak. *"Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak"* (Heb. 2:9).

Psalm 8 sing oor die Here se groot werke. Die grootste daarvan is dat Hy sy Seun gestuur het om die mens ewig met Hom te versoen. Psalm 8 sing van ons Here Jesus Christus. God wat Mens geword het. Dié Mens. Glo in Hom. Gryp vas aan Hom. So kan jy jou roeping elke dag uitleef. So kan jy met jou lewe wys en met jou mond getuig hoe heerlik die Here se Naam is.

*Sing: Psalm 8-1:1, 4, 5*

*Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)*

Sondag 22 November
Skrifgedeelte: Psalm 130
Fokusgedeelte: Psalm 130:7 (AFR2020)

## Wag op die HERE

Soms spoel die sorge van die lewe oor ons. Ook oor ons wat weet dat ons God se kinders deur Jesus Christus is. Dit voel asof daar golf na golf oor ons spoel en asof alles net donker is. Asof daar geen hoop is nie. Dit voel asof alles hopeloos is. Sommige van ons ervaar hierdie gevoel baie meer as ander.

Wat doen ons wanneer ons so voel? Psalm 130 gee die antwoord: Wag op die HERE! Meeste van ons hou niks daarvan om te wag nie. Of dit nou in 'n ry of in die verkeer of by die dokter is. Ons sukkel om te wag. Ons dink wag beteken om niks te doen nie. Maar om op die HERE te wag, is anders. Om op die HERE te wag, beteken om jou vertroue in Hom te plaas. Om aan sy beloftes vas te hou. Sy beloftes wat soveel vaster staan as die donker wat jy ervaar. Om daaraan vas te hou dat die HERE jou stem hoor en gebede verhoor. Nie omdat jy dit enigsins verdien nie. As Hy die straf op ons sonde op ons laat neerkom het, sou ons verlore gewees het. Maar Hy is getrou aan sy verbond en bewys sy troue verbondsliefde aan sy kinders. Hy het ons verlos van die ewige dood. Hy sal aanhou om vir ons te sorg. Hy is getrou. Hy sal 'n einde bring aan al ons sorge.

Wag op die HERE. Hou vas aan sy beloftes wat veel vaster staan as dit wat jy voel. Hou vas aan jou redding in Jesus Christus. Wag op die HERE – Hy sal uitkoms gee.

*Sing: Psalm 130-1:1, 2*
*Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)*

Maandag 23 November
Skrifgedeelte: Psalm 23
Fokusgedeelte: Psalm 23:1
Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie

*"Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie."* Met hierdie bekende, troosryke woorde begin hierdie geliefde psalm. Geliefd omdat die HERE ons met hierdie psalm troos en bemoedig. Nie met niksseggende woorde of leë beloftes nie, maar met Wie Hy is en wat Hy doen. Hy is ons Goeie Herder. Hy lei ons en gee vir ons alles wat ons nodig het. Selfs in doodsgevaar beskerm en vertroos Hy ons.

Hierdie Psalm sing van ons Here Jesus Christus. Hy sê Self in Johannes 10 dat Hy die Goeie Herder is wat sy lewe af lê vir sy skape (ons) en dit weer opneem. Deur sy dood en opstanding het Hy die dood oorwin en Hy laat ons in daardie oorwinning deel. Hy ken ons.

Daarom het ons troos! Nie net in hierdie lewe nie, maar vir die dood ook. Ons Goeie Herder het die dood oorwin. Hy lei ons deur sy Gees tot in ewigheid. "Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie." Niks sal my ontbreek nie. Nie nou nie. Nie wanneer die dood naby is nie. Nooit nie.

Mag ons elkeen ons Goeie Herder volg, na sy stem luister, deur Hom verkwik word en deur Hom getroos word.

*Sing: Psalm 23-1:1 ,2, 3*
*Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)*

Dinsdag 24 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 4: 14-16 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:16

Ons kan met vrymoedigheid nader tot God se genadetroon

Wanneer iemand deur ’n tyd van ongehoorsaamheid aan die Here gaan, is dit meestal ondenkbaar vir so ’n mens dat dit moontlik is om terug te keer na ’n lewende, persoonlike verhouding met die Here. Gereeld ná tye waar iemand volhard het in die sonde, of selfs net weg van God af geleef het, kan so ’n mens dink dat dit onmoontlik is om na God toe terug te keer. Verskonings soos “Ek was te ongehoorsaam aan God, Hy sal my nooit terugvat nie”, “Ek moet my lewe in orde kry voordat God my weer sal aanvaar” of “Ek is nie goed genoeg vir God om my te aanvaar nie”, kom gereeld op. Maar die waarheid is dat ons in onsself nooit goed genoeg sal wees vir die Here nie. Jy kan nie op jou eie skielik reg leef sodat die Here jou aanvaar nie. As dit so was, sou ons nie Jesus nodig gehad het om vir ons sondes te sterf nie.

Nee, vandag se gedeelte moedig ons aan om deur Christus se bemiddeling te nader tot ons Vader. Selfs op ons laagste punte moet ons draai na Jesus toe en glo dat God sy genade aan ons sal skenk deur sy Seun. Hebreërs 4:16 belowe ons dat ons met vrymoedigheid kan nader na God se genadetroon en in die proses losbreek van die sonde wat ons so vashou.

Bid vandag dat die Heilige Gees aan jou die krag sal gee om met oorgawe liewers Jesus vas te gryp as jou enigste hoop in die lewe. Ja, ons voel met goeie rede skaam wanneer ons teen God sondig, maar ons moet nie dat hierdie skaamte of vrees ons weerhou van God se verlossende genade nie. God se liefde en vergiffenis is baie groter en magtiger as jou skaamte of vrees.

*Sing: Skrifberyming 1 (4-1):1, 2*

*Ds. JA (Jaco) Linde (Witrivier)*

Woensdag 25 November
Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-16 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:13
Wees verstandelik wakker en nugter

Petrus gebruik hier in vers 13 beeldspraak wat bekend was vir die antieke hoorder en leser. Hierdie beeldspraak praat oor die hemprokke wat hang tot by 'n man se enkels wat in daardie jare gedra is. As hierdie rokke los gehang het, was dit moeilik om ratse en vinnige bewegings te maak. Die uiteinde hiervan was dat wanneer mans nodig gehad het om te hardloop of vinnig rond te beweeg, hulle hierdie rokke met 'n belt vasgebind het en dus gereed was vir aksie.

Petrus sê ook dat ons nugter moet optree. Dit is 'n beeld wat sê dat ons nie dronk of sonder beheer moet wees wanneer dit kom by geestelike dinge nie. Nee, ons moet liewer wakker wees sodat ons op die regte manier hierdie dinge kan evalueer.

Ná hierdie twee beelde kom die werkwoord "hoop". En hierdie is 'n opdrag dat jy alleen moet hoop op die genade van God.

Hoekom is dit dus nodig om verstandelik gereed en nugter deur hierdie lewe te gaan? Die rede hiervoor is dat ons so maklik vasgevang word in die teenswoordige lewe en die begeertes van die hier-en-nou dat ons vergeet dat die beste nog voorlê. Ons word so maklik ingesluk deur hierdie wêreld se bekommernis, begeertes en versoekings dat ons afwyk van God se pad. Die pad wat deur die bloed van sy Seun vir ons oopgemaak is. Ons verskuif ons hoop weg van God en sy wonderlike genade af en hoop op aardse dinge.

Wees dus vandag verstandelik wakker en nugter en kyk waar in jou lewe jy God se hoop en lig en liefde in jou lewe verruil vir aardse begeertes wat tot niks lei nie.

*Sing: Skrifberyming 73 (14-1) / Psalm 144-1:1*
*Ds. JA (Jaco) Linde (Witrivier)*

Donderdag 26 November
Skrifgedeelte: Jesaja 30:8-18 (AFR2020/AFR83)
Fokusgedeelte: Jesaja 30:18
Wag, want die Here wil aan jou genade betoon en Hom oor jou ontferm!

Van nature is ek nie 'n baie geduldige mens wat kan wag dat dinge moet gebeur nie! Maar in hierdie verse leer die Here my en ons almal om méér geduld aan die dag te lê, want die Here wil aan ons sy liefde en trou gee, Hy wil Hom oor ons ontferm.

Juda se misplaaste vertroue in Egipte om hulle van die Assiriese aggressor te red was 'n aanduiding dat hulle nie na die profeet Jesaja geluister het nie. Hulle vertroue op Egipte sal op niks uitloop nie (Jes. 30:7). Die probleem met Juda was 'n totale afwesigheid van geloof en vertroue op die Here. Hulle wou eerder gehad het dat Jesaja vleiende dinge (Jes. 30:10) aan hulle sê en ophou om hulle lastig te val met die Heilige van Israel (Jes. 30:11). Jesaja sê aan die ontroue volk dat hulle redding eerder lê in "bekering en rustigheid ... in kalmte en vertroue" (Jes. 30:15).

Ten spyte van Juda se sondige toestand wag die Here om aan hulle genade te betoon en Hom oor hulle te ontferm. In 2 Petrus 3:9, 10 staan: *"Die Here stel nie die belofte uit, soos party mense dink nie. Inteendeel, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê sommige mense moet verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."* Die middelpunt van God se ontferming oor ons as sondige mense is Jesus Christus se kruisdood!

Mag die Heilige Gees ons help om meer geduld aan die dag te lê en om na Hom te draai in vertroue deur te weet dat Hy ons swaarkry raaksien. Ons redding lê immers in Jesus Christus alleen, wat ons gehoorsaam deur bekering en rustigheid, kalmte en vertroue!

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*
*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*

Vrydag 27 November

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-11 (AFR2020/AFR83)

Fokusgedeelte: Jesaja 55:7

Genade en vergifnis gaan saam met afsien en terugkeer!

Die eerste paar verse van Jesaja 55 word dikwels voorgelees tydens die gebruik van die Heilige Nagmaal. Water en brood speel in die Nuwe Testament 'n ewe belangrike rol, byvoorbeeld toe Jesus vir die Samaritaanse vrou vra vir water, en dan self vir haar vertel van ander water wat opborrel tot die ewige lewe (Joh. 4:13-14), en as Jesus 5000 mense van brood voorsien, dan sê dat Hy die lewende brood is wat uit die hemel neergedaal het (Joh. 6:48-51).

Volgens Jesaja 55:1, 2 nooi God mense wat dors en honger is om water en brood, wyn en melk te kom kry sonder om daarvoor te betaal. Verlossing berus op genade alleen! In Jesaja 55:6, 7 staan die opdrag om die Here te soek en Hom aan te roep terwyl Hy Hom laat vind en naby is. Om dit te doen, sien die goddelose mens af van sy pad en bose planne (negatief), en keer hy terug na die Here toe (positief), sodat die Here hom genadig kan wees.

Ons goeie werke speel nie 'n rol in die proses om verlossing te ontvang nie, maar dit is altyd die gevolg van verlossing. Paulus skrywe dat God regverdiging sonder werke toereken (Rom. 4:6), en Jakobus skryf dat geloof alleen, as dit nie op dade uitloop nie, dood is (Jak. 2:17). Jesaja bevestig dit deur ons daarop te wys hoe God se planne nie mense se planne is nie, en sy paaie nie mense se paaie nie (Jes. 55:8).

Die feit dat God se paaie en planne hoër is as die aarde wys ons op die weg van liefde en trou van God. Op daardie weg ontvang ons genade en vergifnis, vertrou ons op Hom en glo ons in Hom. Hy het ons in Jesus Christus al ons sonde vergewe.

*Sing: Psalm 25-1:3, 5*

*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*

Saterdag 28 November
Skrifgedeelte: Jeremia 3:6-18
Fokusgedeelte: Jeremia 3:12b

In die lig is ons ongeregtighede duideliker, maar die genade ook nader

Onkunde is saligheid, so lui die bekende Afrikaanse spreekwoord. En in terme van ons teksgedeelte is dit heel relevant. Juda is meer skuldig as haar trouelose suster Israel. En die rede hiervoor is tweërlei. Eerstens behoort Juda van beter te weet. Hulle is die gunsgenoot van God die Vader met die nageslag van Dawid op die troon in Jerusalem. Hulle wandel in die lig van die Here. Natuurlik ontbloot hierdie lig hulle sonde en ongeregtighede, en dan kom hulle by die tweede probleem. Hulle keer terug na die Here, maar nie met volle oorgawe nie. Hulle bekering is vals. Dit is wat die toorn van die Here teenoor hulle opwek. Geloof en dan veral die Christelike geloof word vandag gesien as iets wat ekstra bepalings op 'n persoon lê. Ekstra verantwoordelikhede om na te kom. Wanneer ons nader beweeg aan die lig, word ons ongeregtighede duideliker. Tog is die antwoord nie wegvlug of 'n skynbekering en skynheiligheid nie. Nee, dit is ook duidelik in die lig dat ons die genade van die verlossing in ons Here Jesus Christus ervaar. In ons teksvers roep die Here ons vandag terug. Die beloftes van die einde van sy toorn is ook ons s'n in die verlossing in ons Here Jesus Christus vandag.

*Sing: Psalm 116-1:1, 2, 3*

*Ds. FR (Franscois) Pretorius (Middelburg TVL)*

Sondag 29 November
Skrifgedeelte: Joël 2:12-17
Fokusgedeelte: Joël 2:13
Wanneer ons harte geskeur word

In ons teksgedeelte uit die profesie van Joël tref ons ’n ernstige beroep tot bekering aan. Dit is natuurlik baie belangrik soos wat die dag van die Here ook nader kom. Maar hierdie bekering moet werklik omvattend en diepgaande wees. In die Ou Testament het bekering en verootmoediging dikwels gepaardgegaan met die skeur van jou klere en die gooi van as op jou kop. Maar nou sê Joël in ons teksvers dat dit nie genoeg is nie. Dit ons harte wat geskeur moet word.

Hierdie skeur van die hart het twee ingrypende verduidelikings vir ons vandag. Natuurlik word daar nie van die fisiese orgaan van die hart gepraat nie, maar die figuurlike menswees of binnekant van ’n mens. Tog is die eerste verduideliking so prakties. Wanneer ’n mens se fisiese orgaan wat ons ken as die hart geskeur word, sal dit noodlottig wees. En hierin lê die eerste openbaring vir ons. Ons sondige harte moet sterf. Die kliphart moet vervang word met ’n hart van vlees. Dis wat Christus ook kom doen het toe Hy ons uit die dood van die sonde kom opwek het.

Die volgende verduideliking sien ons in die gebeure van 1 Konings 11. Die koningskap word afgeskeur van die nageslag van Salomo. Ons moet die koningskap wat die bedrieglike hart oor ons lewens voer, afskeur. Ons moet die koningskap van ons lewens teruggee aan die Koning van die konings, ons Here Jesus Christus. Dit is wat gebeur wanneer ons ons harte in plaas van ons klere skeur.

*Sing: Psalm 42-1:1, 7*

*Ds. FR (Franscois) Pretorius (Middelburg TVL)*

Maandag 30 November
Skrifgedeelte: Eksodus 34:1-17
Fokusgedeelte: Eksodus 34:6
Liefde en trou oor geslagte heen

Liefde en trou groter as 'n enkele menslike geslag. In 'n vinnig veranderende wêreld word daar vandag min aandag gegee aan dit wat in die vorige geslag gebeur het. Dit voel soms asof al wanneer daar moeite gedoen word hiermee, is wanneer daar politieke voordele daaruit kan spruit. Maar in die kerk is die fokus op die vorige geslag en generasies gewoonlik stil of selfs negatief in 'n oorwegend wederdoperse diskoers om ons vandag.

Tog bly die waarheid van 'n barmhartige, genadige, lankmoedige en getroue God van die verbond steeds staan vandag. Liefde en trou wat groter en verder strek as 'n enkele generasie. In ons teksvers openbaar die Here hom aan Moses. Hy gee aan Moses die Naam waarmee Hy aanbid wil word. Daarom is dit heeltemal in konteks om ook in die volgende vers die oordeel oor die oortreding van die tweede gebod te lees. Hierdie oordeel in straf oor drie of vier generasies.

Maar dan ook die ander kant, genade tot in die duisendste geslag. Genade in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Daar waar Hy die verbondsverhouding kom verseël met die bloed wat Hy aan die kruis stort. 'n Verbondsverhouding wat vandag nog oor generasies heen strek. 'n Verbondsverhouding vol liefde en trou, waarin ons, ons kinders en ook die opkomende geslag deel het.

*Sing: Skrifberyming 14 (8-1):1, 2*

*Ds. FR (Franscois) Pretorius (Middelburg TVL)*